



REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

21/98

**HOOGSTE HOF VAN APPÈL
VAN SUID-AFRIKA**

Saak No: 240/96

In die saak tussen:

N H LAVERS

Appellant

en

HEIN & FAR BK

Respondent

CORAM: HEFER, EKSTEEN, HOWIE, SCHUTZ ARR et FARLAM
Wnr AR

VERHOOR: 20 Maart 1998

GELEWER: 25 Maart 1998

UITSPRAAK

HEFER AR

Die bevel waarteen geappelleer word is dié van die Transvaalse Provinsiale Afdeling in *Lavers v Hein & Far* BK 1997(2)SA 396 (T)). Die feite blyk uit die uitspraak en vir huidige doeleindes is dit voldoende om te meld dat 'n polisiebeampte beslag gelê het op 'n vermoedelik gesteelde motorvoertuig wat die respondent kort vantevore van die appellant gekoop het. Verdere ondersoek het die vermoede bevestig en die voertuig is aan die eienaar oorhandig. Daarna het die respondent aksie ingestel om sy skade van die appellant te verhaal op grond van die waarborg teen uitwinning wat van regsweë aan 'n koper verleen word. By die verhoor was die enigste geskilpunt uiteindelik of die skuld verjaar het. Die landdros het ten gunste van die respondent bevind en op appèl het die Hof *a quo* die bevinding gehandhaaf.

Die geskil gaan uitsluitlik oor die aanvangsdatum van die verjaringstermyn. Ooreenkomstig art 12(1) van die Verjaringswet 68 van 1969 begin bevrydende verjaring loop sodra die skuld opeisbaar is en kragtens art 12(3) word dit geag die geval te wees wanneer die skuldeiser kennis dra van die identiteit van die skuldenaar en die feite

waaruit die skuld ontstaan, of sodanige kennis deur die beoefening van redelike sorg kon bekom. Volgens die respondent het hy eers gedurende Januarie 1992 amptelik verneem dat die voertuig aan die eienaar oorhandig sou word. Sy saak is - en die landdros en die Hof *a quo* het hom gelyk gegee - dat verjaring toe eers begin loop het. Volgens die appellant is aan die vereistes van art 12 reeds gedurende Mei 1988 voldoen toe die voertuig in beslag geneem is of gedurende November 1988 toe die respondent van die polisie verneem het dat dit inderdaad gesteel was en nie weer aan hom oorhandig sou word nie. Indien een van hierdie alternatiewe korrek is, het die skuld verjaar en het die landdros en die Hof *a quo* fouteer.

Ek vind dit nie nodig om die onderskeie standpunte volledig te bespreek nie. Die beslaglegging het geskied uit hoofde van art 20 van die Strafproseswet 51 van 1977 op grond van 'n redelike vermoede dat die voertuig gesteel was. Art 20 en die bepalings van die wet ten opsigte van die uiteindelijke beskikking oor 'n voorwerp waarop beslag gelê is, is breedvoerig bespreek in *Minister van Wet en Orde en 'n*

Ander v Datnis Motors (Midlands) (Edms) Bpk 1989(1) SA 926 (A) en *Vrystaat Motors v Henry Blignaut (Edms) Bpk 1996(2) SA 448 (A)*. Soos uit hierdie uitsprake blyk, is die strekking van die betrokke bepalings dat so 'n voorwerp terugbesorg moet word aan die persoon van wie dit in beslag geneem is slegs "*indien so 'n persoon daardie voorwerp wettiglik mag besit*"; gevolglik, omdat niemand wetend gesteelde goedere wettig mag besit nie, word 'n gesteelde voorwerp nie terugbesorg aan die persoon van wie dit in beslag geneem is nadat hy bewus geword het van die diefstal nie (*Datnis Motors 933J-934D; Vrystaat Motors 458F-I*). In *Vrystaat Motors* (op 458I-459B) is verder aangedui dat die koper in 'n situasie soos die onderhawige nie deur die beslaglegging as sodanig uitgewin word nie maar wel wanneer dit blyk dat die gesteelde voorwerp nie aan hom terugbesorg sal word nie.

Dit volg dus dat die betoog namens die appellant dat verjaring in die onderhawige geval reeds by die beslaglegging begin loop het, verwerp moet word. Op daardie stadium was daar inderdaad geen skuld waarop art 12 van die Verjaringswet van toepassing kon wees

nie. Wat oorbly is die vraag wanneer dit vir die eerste maal tot die respondent se kennis gekom het dat die voertuig nie aan hom terugbesorg sou word nie.

In hierdie verband kom 'n brief wat die polisie op 30 November 1988 aan die respondent se prokureurs gerig het, ter sprake. Voordat na die inhoud verwys word, is dit nodig om te meld dat die appellant in sy verweerskrif slegs gepleit het dat verjaring gedurende Mei 1988 by die beslaglegging begin loop het. In sy skriftelike betoogpunte in hierdie Hof het respondent se advokaat daarop gewys dat die verweerskrif nooit gewysig is nie en aangevoer dat 'n uitbreiding daarvan nie toegelaat behoort te word nie. Tydens sy mondelinge betoog het hy egter toegegee dat die betrokke aspek volledig ondersoek is. Gevolglik kan die brief oorweeg word ten spyte daarvan dat die verweerskrif nie gewysig is nie. Die relevante gedeelte daarvan lui soos volg:

"Hierdie kantoor wil dit graag duidelik stel dat die betrokke voertuig reeds as gesteel geïdentifiseer is en ook deur die regmatige eienaar positief uitgeken is as die voertuig wat vanaf hom gesteel is....

Die voertuig sal dus nie aan u kliënt terugbesorg word nie en sal

ingevolge Art 31 van die Strafproses Wet 51/77 aan die regmatige eienaar terug oorhandig word alternatiewelik aan die betrokke versekerings maatskappy."

In die lig van die duidelike stelling dat die voertuig inderdaad gesteel was en nie aan die respondent terugbesorg sou word nie, was respondent se advokaat verplig om toe te gee dat verjaring by ontvangs van die brief begin loop het. Die toeweging was onvermydelik.


Respondent se advokaat het egter aangevoer dat verjaring ooreenkomstig art 14(1) van die Verjaringswet gestuit is deur die appellant se uitdruklike of stilswyende erkenning van aanspreeklikheid. Ek is nie van plan om breedvoerig uit te wei oor die betoog in hierdie verband nie omdat daar klaarblyklik niks in steek nie. Dit het geskied aan die hand van 'n reeks briewe wat na die beslaglegging tussen die partye se prokureurs gewissel is. Geeneen van hierdie briewe bevat 'n erkenning van aanspreeklikheid nie. Kort na die beslaglegging het respondent se prokureurs terugbetaling van die koopprys van die appellant geëis en in die briewe wat daarna deur appellant se prokureurs geskryf is, is redes aangevoer waarom daar nie aan die eis

voldoen sou word nie. Die strekking van elke brief is inderdaad dat aanspreeklikheid ontken word. Daar is geen sprake van hetsy 'n uitdruklike of 'n stilswyende erkenning van aanspreeklikheid nie.

Dit volg dus dat die verweer van verjaring gehandhaaf moes gewees het.

Ek maak die volgende bevel:

1. Die appèl word gehandhaaf met koste.
2. Die bevel van die hof *a quo* word tersyde gestel en vervang met die volgende:
 - (a) Die appèl word gehandhaaf met koste.
 - (b) Die landdros se bevel word tersyde gestel en vervang met 'n bevel waarvolgens die verweer van verjaring gehandhaaf word en die eiser se eis met koste van die hand gewys word.


JJF HEFER
Appèlregter

EKSTEEN AR	}	
HOWIE AR	}	
SCHUTZ AR	}	
FARLAM Wnr AR	}	Stem saam